

<b>Bewaar die goeie leer</b>		<b>Doen die goeie leer</b>	
<b>Stel ouderlinge aan (1:1-10)</b>	<b>Bestraf valse leeraars (1:11-20)</b>	<b>Preek die gesonde leer (2)</b>	<b>Vloei oor in goeie werke (4)</b>
Paulus skryf die brief waarskynlik uit Korinthe aan Titus in Kreta in ongeveer 64nC			

Dag	Lees
Ma	Titus 1
Di	Titus 2
Wo	Titus 3
Do	Ps 119:1-8
Vry	Ps 119:33-40
Sat	Ps 119:73-80
Son	Ps 119:89-96

*Dit is 'n betroubare woord. Daarom wil ek hê dat jy van hierdie dinge met groot nadruk moet getuig, sodat dié wat tot geloof in God gekom het, hulle op goeie werk kan toelê, werk wat goed en nuttig is vir die mense. (Tit 3:8)*

Net soos Timoteus het Paulus waarskynlik ook vir Titus tot die geloof gelei. Hy was 'n Griek en het waarskynlik van Antiogië in Sirië gekom. Hy het Paulus vergesel om hulle bediening met die kerkleiers te bespreek (Gal 2:1-3). Hy is nie gedwing om hom te laat besny nie (Gal 2:16).

Die vernaamste probleem in Kreta was dwaalleër wat hoofsaaklik ontstaan het uit bekeerde Jode. Daar was strydvrage oor geslagsregisters en getwis en gestry oor die wet van Moses (1:10, 14 en 3:9). Die Kretensers se lewens was op lae morele peil (1:12-13) en party het 'n onverskillige houding gehad (2:2-3, 10 en 3:2). Hy het beklemtoon dat die Woord van God die grondslag van die Christelike lewe vorm (1:3; 2:5, 10) en beklemtoon die gesonde leer (1:9; 2:7,10). Paulus moedig hom aan om ouderlinge aan ste stel om die goeie leer te bewaar.

In 2:2-10 verduidelik Paulus aan Titus sy rol teenoor verskillende groepe mense in die gemeente (ouer mans, ouer vroue, jong vroue, jong manne en slawe). Die kennis van God moet die mense so verander dat hulle deur hulle lewe die aansien van die leer van die Verlosser verhoog. Hierdie leer van die verlossing is die sentrale gedagte in 2:11-14 en 3:4-7. Die genade bring nie slegs verlossing nie, maar onderrig ook die gelowige en wek die verwagting van die wederkoms van Christus. Die gevolg is 'n verandering in die lewe van die verlore persoon.

Die optrede van gelowiges moet anders wees as gewone burgers. Hoofstuk 3:4-7 is 'n bondige opsomming van die leer van verlossing (lees dit gerus weer). Goeie werke is egter 'n resultaat van die verlossing. Dit word drie keer in die boek beklemtoon (1:16; 2:7, 14; 3:1, 8, 14). Die leer van die Godheid kom ook sterk na vore in die boek: God die Vader (1:1-4; 2:10 en 3:4), God die Seun (1:4; 2:13 en 3:6) en God die Heilige Gees (3:5).

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

## **Titus oorsig: Die Evangelie en sy gevolg.**

Jy moet God se genade besing:

Dít is wat die verlossing bring. (Titus 2:11)

Ja, onthou selfs in jou pyn:

God het in liefde vir mense verskyn. (Titus 3:4)

Ons het nie iets vir die vrypraak gedoen.

Nee, op grond van Sý ontferming is ons versoen. (Titus 3:5a)

Hy het Homself vir ons as offer gegee

en dit bring die sonde vergifnis mee. (Titus 2:14).

Deur die Heilige Gees gewas en weer gebore,

het ons nou 'n nuwe lewe en is nie verlore! (Titus 3:5b)

Ja, die Heilige Gees staan ons by

om die ewige lewe te verkry. (Titus 3:6,7)

Dié Woord het aan alle mense verskyn

en jou daardeur met God versoen.

Dit bring jou dade so in lyn (Titus 2:11)

dat jy ywerig goeie dade wil doen. (Titus 2:14).

Maar vir die ongelowiges is niks rein.

Hulle gewete is besoedel en vol pyn.

Hulle gee voor dat hulle God ken,

maar jy kan dit nie in hulle werk herken. (Titus 1:15,16).

Onderwerp jou aan die owerheid se gesag (Titus 3:1)

(al laat hulle jou in ons land jou soms lag...)

Moenie bly rusie soek en kwaad praat,

doen eerder 'n bedagsame daad. (Titus 3:2).

Jy moet hierdie dinge met nadruk getuig

en jou voor die betroubare Woord neerbuig.

Ja, dit is wat ek vir die gelowiges wens:

Dat hulle werk goed en nuttige is vir die mens. (Titus 3:7).